Openbaring – Die Seëls

Rev 5:1 En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, ‘n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël.

MaartensPRO

Die Boek met Sewe Seëls

- Wie is waardig om die boek oop te maak?
  - Rev 5:2 En ek het ‘n sterk engel gesien wat met ‘n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?
- Toe kom Jesus vorentoe en neem die boek
- Ons is heilig (geheilig deur Jesus se bloed) en ons gebede is soos reukwerk voor die Here
  - Rev 5:8 en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Die Boek met die Sewe Seëls

- Die Here het ons met Sy bloed gekoop en ons konings en priesters gemaak en ons sal soos konings op die aarde heers
  - Rev 5:9 Toe sing hulle ‘n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,
  - Rev 5:10 en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Hoe Heers ons as Konings?

- Ons moet glo (weet)
  - Jakobus 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos ‘n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.
  - Jak 1:7 Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie—
  - Jak 1:8 so ‘n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë
- Ons gebede kan die landswette verander
- Ons kan die weer beheer
- Ons kan die dodes opwek
- Ons kan mense genees
- Ons sal die kop wees en nie die stert nie
- Alles waaraan ons vat sal voorpoedig wees.

MaartensPRO

Seël 1 – Die Wit Perd

- Die ruiter gaan om te oorwin
  - **Rev 6:1** En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van ‘n donderslag: Kom kyk!
- Hierdie is nie die wit perd van Openbaring 19 nie
  - Rev 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ‘n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid
- Daar sal iemand opstaan wat daarop uit sal wees om die aarde te oorheers – soos Hitler

MaartensPRO

Seël 2 – Die Rooi Perd

- Hy was die mag gegee om die vrede van die aarde af weg te neem.
- Mense het mekaar begin doodmaak
  - Rev 6:4 En ‘n ander perd, ‘n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en ‘n groot swaard is aan hom gegee

MaartensPRO

Seël 3 – Die Swart Perd

- Baie swaar tyd deurdat dinge onsettend duur sal raak
  - Rev 6:6 En ek het ‘n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: ‘n Rantsoen koring vir ‘n penning en drie rantsoene gars vir ‘n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.

MaartensPRO

Seël 4 – Vaal Perd

- Sy naam was die Dood en Hel het hom gevolg
- Hy het oor 25% van die wêreld mag gehad
- Hy het die mense met wapens doodgemaak asook hulle laat honger ly
- Hy het ook diere gebruik om mense mee dood te maak
  - Rev 6:8 En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.

MaartensPRO

Seël 5 – Wit kleed vir Martelaars

- Die mense is die wat dood gemaak is as gevolg van die Evangelie
  - Rev 6:9 En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het:
- Daar moet na hulle nog mense dood gemaak word
  - Rev 6:11 En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog ‘n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees
- Op hierdie stadium is al die Christene dus nog nie weggeraap nie, behalwe as die Here besluit het party gaan weggeraap word en die ander moet deur die verdrukking gaan.

MaartensPRO

Seël 6 – Aardbewing

- Groot aardbewing
- Son het donker geword
- Maan het rooi geword
- Die sterre het soos ‘n kombers weggevou
- Berge en eilande het geskuif
- Almal, konings ingesluit, het weggekruip van die oordeel van die Here
  - Rev 6:16 en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam;
  - Rev 6:17 want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?

MaartensPRO

Seël 7 – Merk van God

- Openbaring 7 : 2 – 3
- Vier engele het die winde stil gehou
- Die vier engele het die mag om die aarde en die see te beskadig
- ‘n Engel, met God se merk, gee eers die bevel dat die engele niemand skade sou aandoen voordat die Christene met God se merk op ons voorkoppe gemerk is nie
- 144 000 Jode is gemerk uit die verskillende stamme van Israel
- Die kinders van die Here is gemerk deurdat hulle die Heilige Gees het en is nie ingesluit in die getal hierbo nie.

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Menigte Mense voor die Lam

- Daar was so baie mense voor God se troon dat hulle nie getel kon word nie
  - Rev 7:9 Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was ‘n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande
- Die mense wat uit die verdrukking kom is aangetrek met wit klere
  - Rev 7:15 Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.
  - Rev 7:16 Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie
- God sal hulle versorg.

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Seël 7 – Stilte in die Hemel

- Die sewende seël word oopgemaak en daar is vir die eerste keer stilte in die hemel – vir 30 minute
  - Rev 8:1 En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent ‘n halfuur lank
- Toe kry sewe engele trompette om op te blaas
- ‘n Engel bring toe all die Christene se gebede voor God
  - Rev 8:3 En ‘n ander engel het gekom en met ‘n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê
- Die 7 engele met die trompette maak reg om te blaas.

http://webpulpit.maartenspro.com